**Die internet word al hoe meer gebruik om inligting oor finansiële produkte in te win, volgens navorsing van Google SA.**

# Wye net vir geldsake gespan

Die internet raak al hoe belangriker in ons lewens en dié tendens geld klaarblyklik ook wanneer mense finansiële besluite neem.

Google SA het navorsing gedoen oor hoe internetgebruikers die internet ook in hul finansiële lewens gebruik. Min mense in Suid-Afrika het toegang tot die internet – volgens die studie het sowat 17% van mense wat in stedelike gebiede bly internettoegang en besit 'n finansiële produk.

■ Dit blyk dat die internet groei in gewildheid vir navorsing oor finansiële produkte. Sowat 36% van internetgebruikers wat inligting oor 'n produk wou hê, het dit aanlyn gesoek.

■ Soos verwag, is internetbankdienste die mees algemene finansiële gebruik van die web. Dié wat internetbankdienste gebruik is tipies opgeleide werknemers tussen 18 en 35 jaar met 'n redelike stabiele inkomste. Hulle het 'n gesin met een kind onder 16.

■ Van die internetgebruikers wat aan die studie deelgeneem het, hou die meeste van Absa se produkte. Van alle finansiële produkte onder internetgebruikers, is lopende- en spaarrekeninge die gunstelinge.

■ Ondanks die plaaslike kredietknyp, is die internet die gewildste plek vir internetgebruikers om aansoek te doen om 'n kredietkaart.